

# Willem Sterrenberg Prinsloo gesien deur die oë van 'n kollega

W Vosloo  
(Emeritus professor, UP)

## ABSTRACT

### Willem Sterrenberg Prinsloo seen from the viewpoint of a colleague

*The sudden and tragic death of Professor W S Prinsloo raises many questions that cannot be answered. However, he should be remembered for the huge contribution he has made in the field of Old Testament studies in South Africa. As editor of this journal he was outspoken about the necessity that church and university, theology and science need one another and that theologians are scientific in their research even though it is done from an ecclesiastical viewpoint. As dean he combined strictness with empathy and as a preacher he integrated solid exegesis with spiritual dedication.*

## 1 'N HULDEBLYK

Die skielike tragiese dood van ons gewaardeerde kollega laat 'n droefheid wat jou snags wakker hou. Soveel te meer weens die omstandighede van sy heengaan. Die oeroue vraag “waarom?” kwel jou en laat jou die feite om en om rol totdat jy in jou eie sirkelgang begin vasdraai. Jy weeg die spanning van Goddelike almag teenoor menslike verantwoordelikheid, om uiteindelik soos 'n klein kindjie voor die misterie van die lewe bang-verwonderd te bly staan; om soos 'n Job van ouds stom-klein te sê: “Ek lê my hand op my mond” (Job 39:37, OAV).

Skrywer bring hulde aan 'n jarelange kollega wat sy alles vir die Ou-Testamentiese wetenskap gegee het en daardeur 'n bydrae tot die verstaan van die Bybel en die opbou van die kerk gelewer het. Mag sy vrou Avrille, hulle kinders, sy moeder en ander naby familie ryklik vertrous word met die deurlees van hierdie bundel.

Die digter Henry Wadsworth Longfellow het oor die dood gesê:

*Good-night! good-night! As we so oft have said,  
Beneath this roof at midnight, in the days  
That are no more, and shall no more return.  
Thou hast but taken up thy lamp and gone to bed;  
I stay a little longer, as one stays  
To cover up the embers that still burn.*

## 2 WETENSKAP EN KERK

W S Prinsloo staan bekend vir sy standvastige handhawing van dit waarin hy geglo het. Tog was daar op velerlei terreine ook 'n groeiproses merkbaar. Dit geld ook wat sy siening van wetenskap en kerk betref. Die saak kom na vore in sy redaksionele opmerkings van drie uitgawes van *Skrif en Kerk* versprei oor 17 jaar. In die heel eerste (nie-amptelike) uitgawe in 1980, skryf hy in sy redaksionele bekendstelling:

“Die Teologiese Fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Universiteit van Pretoria, beoefen die Teologie in diens van die Kerk. Dit wil 'n Teologie vanuit die Kerk en vir die Kerk wees. Om te erken dat 'n mens die wetenskap vanuit 'n bepaalde gesigshoek beoefen, is nie onwetenskaplik nie. Om die waarheid te sê, die eerlike wetenskaplike sal die eerste wees om te erken dat daar nie so iets bestaan as volkome objektiwiteit nie. As deel van die Universiteit van Pretoria is dit die taak van die Fakulteit om die Teologie op 'n wetenskaplike wyse te beoefen”.

Daarmee het hy die vertrekpunte van sy arbeid as dosent van die kerk aan 'n sekulêre universiteit omskryf. Dit verwoord die riglyn wat hy deur heel sy lewe gevolg en toegepas het: Die kerk kan nie sonder die wetenskap nie; en die wetenskap kan nie sonder die kerk nie. Sonder die wetenskap dryf die kerk rond in 'n see van subjektiewe belewenisse en aansprake, verstarring in ou kennis en denke, Skrifverklarings wat onverantwoord is. Daardeur isoleer die kerk sigself van die konteks waarin dit moet funksioneer en raak dit vreemd vir die denk- en lewenspatrone van die dag. Sonder die kerk is die wetenskap weer eensydig en neem dit nie kennis van 'n belangrike aspek van menswees nie. Dus, sonder 'n teologiese fakulteit is 'n universiteit nie besig met die universum van kennis nie.

Die vraag is egter hoe hierdie twee sake bymekaar gebring kan word. Ons ontslape kollega was van oordeel dat die teologiese wetenskap aan 'n kerklike teologiese fakulteit vanuit 'n bepaalde hoek, naamlik kerk, beoefen moet word. Maar dit skep onmiddellik die vraag of dit dan nie die wetenskaplike bevooroordeel maak en dus onwetenskaplik laat optree nie. Hieroor was ons kollega uitgesproke: Alle wetenskaplikes het een of meer bepaalde uitgangspunte, sommige waarvoor jy kies, andere wat deel van jou mondering is. Waarom kan sommige wetenskaplikes nie die uitgangspunt van die kerk volg en dan tog net so wetenskaplik wees in hulle ondersoeke as diegene wat ander uitgangspunte kies nie?

Deur op hierdie trant voort te bou, het hy veral in die vroeg tagtiger jare hom baie skerp beywer vir 'n kerklik-wetenskaplike benadering aan 'n sekulêre universiteit.

Vyf jaar later, in die eerste amptelike uitgawe van *Skrif en Kerk* (1/1985), herhaal hy van hierdie gedagtes in sy redaksionele inleiding. Maar nou bou hy 'n bepaalde aspek van sy standpunt nog verder uit:

“Dit [die Teologiese Fakulteit] wil 'n Teologie *vanuit* die Kerk *vir* die Kerk wees. *Skrif en Kerk* wil ook langs hierdie bane beweeg. Enersyds wil dit 'n wetenskaplike gesprek oor die Bybel en die Teologie aanmoedig; maar andersyds moet hierdie gesprek nie net in die lug bly hang nie. Die relevansie daarvan vir die praktyk sal ook uitgewys moet word”.

Hy handhaaf nog die nou verhouding tussen kerk en wetenskap, maar nou kom daar iets by: die wetenskaplike gesprek moet voortduur, maar dit moet tot iets konkreet lei. Daarmee verwoord hy 'n standpunt waarvoor hy in die laat tagtiger jare dikwels gepraat het. Wetenskaplike ondersoek moet die voorarbeid wees vir 'n beter verstaan van sake, maar ook vir 'n effektiewer praktyk. Met ander woorde, as die wetenskapsbeoefening aan die Teologiese Fakulteit nie lei tot 'n beter kerklike funksionering nie, moet gevra word na die sin van sulke arbeid.

Hierdie beklemtoning het al meer toegeneem in die tyd toe hy dekaan van die Fakulteit was. In hierdie hoedanigheid het hy baie te doen gehad met die behoeftes van die kerk en die tekortkomings en probleme waarmee in die kerk geworstel word. Hy was as 't ware die raakpunt tussen wetenskap (die Fakulteit) en praktyk (die kerk). Dit het sy oë geopen vir die veelkantigheid van hierdie probleem.

In die laaste uitgawe van *Skrif en Kerk* voor sy heengaan (2/1996), skryf hy as redakteur:

“Hoewel hierdie uitgawe van *Skrif en Kerk* artikels oor 'n verskeidenheid van temas bevat, handel 'n paar van die artikels tog oor die eenheid van die kerk. 'n Tema wat altyd aktueel is, maar veral nou in Suid-Afrika sterk op die voorgrond is. *Skrif en Kerk* wil hiermee ook 'n bydrae tot die debat vanuit akademiese perspektief lewer”.

Met ongeveer nege jaar as dekaan agter die rug, was daar 'n verdere beweging in sy wetenskap-kerk beskouing. Wetenskap het 'n geïntegreerde

funksie in die kerk. Die probleme waarmee die kerk worstel, soos die eenheid van die kerk, kan nie maar net vanuit die kerklike praktyk opgelos word nie. Daar moet navorsing en besinning op 'n ander vlak plaasvind. Daarmee het hy die Teologiese Fakulteit teruggeplaas binne-in die arena van kerkwees. Wetenskap is nie maar net 'n hulp-arm van die kerk nie, maar is 'n integrale en onontbeerlike deel van kerkwees. Dit is nie iets wat in die wolke boer nie, maar is stewig op die grond van gebeurtenisse veranker.

Daarmee het hy geëindig soos hy begin het: iemand wat ten nouste met sy Kerk en Universiteit verbind was, maar iemand wat oortuig was dat die Teologiese Fakulteit as deel van die universiteit 'n verantwoordelikheid teenoor die kerk het.

### 3 MENS EN MENSE

Gedurende sy ampstermyn moes hy 'n hele aantal krisisgebeurtenisse hanteer. Dit het bygedra tot 'n *impasse* waarin hy verskeie kere beland het. Die besonderhede soos van sy kant gesien, het hy in sy onvoltooide (en ongepubliseerde) *memoirs* beskryf. Hierin kom die mens W S Prinsloo baie duidelik na vore.

Daar was twee kante aan hom as mens wat op die oog af kontrasterend lyk. Aan die een kant was hy iemand wat sonder aansiens des persoon mense van wie hy verskil, skerp kon teenstaan. Wanneer hy oortuig was van sy saak, was hy 'n formidabele teenstander. In debatte het hy sonder skroom sy saak gestel en teenstanders met skerp argumente die stryd aangesê. Dit was veral waar ten opsigte van meningsverskil oor die Teologiese Fakulteit en sy Kerk. Dis die twee instansies wat hy op die hart gedra en waarvoor hy gelewe het.

Daarom kon hy niks verdra wat die Fakulteit en Kerk volgens sy opvatting sou benadeel nie. Gevolglik was hy streng in sy eksaminering en moes menige student (beide voor- en nagraads) sy/haar eksamen herhaal. Dit gaan nie net om hulle kennis nie, was sy standpunt, maar ook om hulle toekomstige verantwoordelikheid, hulle gesindheid en die heil van die Kerk. Dié dinge moet in die studentejare gevorm word. Omdat menige student met hierdie kant van ons kollega te doen gekry het, het daar vanselfsprekend spanning teenoor hom ontstaan. Hierdie spanning het 'n hoogtepunt bereik toe 'n groepie studente (later oud-studente) 'n klag teen hom en etlike ander dosente by die Kuratorium aanhangig gemaak het en hy die saak as dekaan moes hanteer.

Ook kollegas het met hierdie kant van die mens W S Prinsloo te doen gekry. Tydens sy termyn as dekaan moes hy beslissings neem in

verskeie personeelsake. Dit was vir hom uiters moeilik, maar hy het geglo hy moet die welwese van Fakulteit en Kerk as sy riglyn gebruik. Dit het daarop neergekom dat hy etlike kere beslissings moes maak wat vir sommige kollegas onaanvaarbaar was. Ongelukkig is hy ook geblameer vir beslissings wat selfs bepaalde komitees geneem het.

Teenoor die Kerk moes hy verantwoording doen oor sy optredes, maar ook oor die standpunte van kollegas en die Fakulteit as sodanig. Dit het meegebring dat sommige predikante ook met sy skerp teenstand te doen gekry het.

Hierdie gebeurtenisse het in sommige kringe die beeld geskep van iemand wat ongenaakbaar is. Daar was selfs by sekere individue 'n sterk gevoel van vyandskap.

Maar daar is ook 'n **ander kant** van W S Prinsloo. Dit is die sagte kant, die een wat besondere empatie het met mense: wat probleme het, studente wat sukkel om te leer of in finansiële nood verkeer, kollegas wat een of ander trauma beleef. Agter die harde skerp kant was 'n hart vol deernis. Dis 'n deernis wat hom besondere moeite laat doen het om kollegas en studente wat siekte of spanning beleef, op te soek en te ondersteun. Skrywer onthou met groot waardering sy besoeke in die hospitaal en tuis, sy gebed in die intensiewe afdeling van die hospitaal na 'n KVA, sy besorgdheid in die tyd van herstel.

Dit het nie net gegeld ten opsigte van persone wat probleme gehad het nie. Selfs diegene met wie hy verskil het en teen wie hy moes optree het hom diep geraak. Sy *memoirs* vermeld al die pogings wat hy aangewend het om bepaalde ernstige probleme by mede-kollegas op so 'n manier op te los dat die betrokke kollega die minste skade sou opdoen. Menige keer het hy vir skrywer gesê hoe moeilik sekere besluite vir hom was; hoe hy dae geworstel het oor die effek van sy besluite op die mens agter die saak. Tog, in die lig van sy verantwoordelikheid teenoor Fakulteit en Kerk, moes hy ongewilde besluite neem al het hy persoonlik dit betreur. Uit sy *memoirs* kom iets na vore van hierdie pyn oor beluite wat hy moes neem. Die klag van die groep oud-studente beleef hy as groot "skade" aan die Kerk en Fakulteit.

W S Prinsloo was dus 'n mens teenoor mense. En soos by alle mense is daar altyd 'n "ander" kant wat minder gesien en gehoor word.

#### 4 MENS EN GOD

Wanneer iemand se lewe tragies tot 'n einde kom, word daar meer as andersins gevra oor so 'n persoon se verhouding met God. Dit geld ook ten

opsigte van ons gewese kollega. Die antwoord kry ons deur te kyk na sy heel laaste preek (wat skrywer kon bywoon), enkele weke voor sy dood. Die preek het gegaan oor Psalms 105 en 106 en is gelewer as deel van die 50ste bestaan van 'n gemeente.

Allereers val die deeglike eksegetiese arbeid op. Soos hy van ander verwag het, het hyself ook gedoen, naamlik om al sy kennis en vermoëns in te span by die maak van 'n preek. Sy eie persoonlike belewenis kom egter ook baie duidelik na vore. Natuurlik kan belewenis moeilik in geskrewe woorde omgesit word. Die volgende uittreksels uit die betrokke preek gee egter iets deur van wat ons as gehoor saam met hom beleef het:

“...u gemeentegeskiedenis wat in die tyd voor u oë afspeel moet u bring tot belydenis. Weet u, eintlik is ons elkeen se geskiedenis maar 'n geskiedenis van mislukking. Ten spyte van alles wat die Here vir ons gedoen het en steeds doen, is ons soos ongehoorsame kinders, is ons ondankbare rebelle. 'n Reis deur ons geskiedenis moet ons bring by die gebed: 'Here wees my arme [sic] sondaar genadig'...”

“Ps 106 praat ook veral in vv 44-46 van die Here se groot liefde, van sy genade, van sy medelye, van die feit dat Hy sy berouvolle volk se smeekgebede verhoor het. As ons met ons geskiedenis van mislukking met opregtheid voor die Here gaan staan en vir Hom sê: Here, ek is jammer. Ek het teen U en teen my medemenses gesondig, sal Hy ons nooit wegstoot nie. Hy het medelye met ons. Hy weet dat ons van stof gemaak is. Hy ken ons deur en deur. Hy is ons Vader. Hy het simpatie met ons. As ons laag in sondebeseftes voor Hom neerbuig, sal [Hy] ons optel en 'n nuwe pad met ons begin loop”.

Hierdie woorde getuig van sowel goeie akademiese onderbou, maar veral van opregte toewyding en kinderlike vertroue.

## 5 SLOTWOORD

Mag elkeen wat hierdie bundel lees nie net dink aan sy einde nie, maar ook aan sy reuse bydrae tot die Ou-Testamentiese wetenskap en die vorming van toekomstige predikante. Mag hy onthou word as 'n uitstaande akademikus, maar ook as 'n diep gelowige mens; as 'n besliste persoon, maar ook as iemand met 'n ander, meer opvallende, sagte kant wat selfs vir sy grootste teenstanders empatie gehad het.